# Dienelkander

## Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

**WhatsApp:** 067 713 2332 **Webblad:** www.oosdoppers.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/oosdoppers **Erediens videobank:** http://ow.ly/ivfZ309vsdc
**Intydse erediensuitsendings op YouTube by:** Oos-Doppers Potch

## 4 JUNIE 2023

**09:30 OGGENDEREDIENS: Ds Piet Venter**

Die reeks preke oor die Heilige Gees en die vrug van die Gees, tot dusver:

**Johannes 15: 5**
Christus is die ware wingerdstok en ons moet in Hom bly sodat ons baie vrugte vir God kan dra.

**Johannes 15: 1**
God (die Boer) het vir Homself ‘n wingerd geplant (die kerk) waar Hy almal (die lote) in Christus saambind om vir Hom vrug te dra.

**Johannes 16: 5 - 7 en Gal. 5: 25**
Ons dra vrugte vir God wanneer ons ons deur die Heilige Gees laat lei!

**Galasiërs 5: 13 - 26**
Eerste vrug van die Gees: om God se liefde vir ander mense te gee.

**Johannes 16: 16 - 24 en Romeine 5: 1 - 11**
Die tweede vrug van die Gees is om ware lewensvreugde in die Here te hê.

**Handelinge 2: 1 - 21; Filippense 4: 2 - 9**
Die derde vrug wat die Gees in my werk is dat die vrede van my herstelde verhouding met God my lewe vul en en my tot ‘n vredemaker verander.

**Vandag se tema: Die vierde vrug van die Gees is dat Hy jou herinner aan God se geduld met jou sodat jy ook geduldig is.**

**Lofsang ter voorbereiding van die erediens**
Lied 199: 1, 2, 3; Lied 184: 1, 3, 4 en
Lied 514: 1, 2

**God en ons ontmoet mekaar**
Intreelied: Ps. 145 - 1: 1, 5; Votum; Seën; Loflied Ps. 103 - 1: 1, 4, 9; Geloofsbelydenis: Apostoliese Geloofsbelydenis

**Ons verootmoedig ons voor God**
Wet: Eksodus 20; Sing Ps. 38 - 1: 1 en
Ps. 86 - 2: 6; Gebed;

**God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof**
Skriflesing: Eksodus 34: 4 - 10 /
Efesiërs 4: 1 - 6 /
Kolossense 3: 12 - 14.
Teksverse: Galasiërs 5: 22
Sing: Sb. 9 - 4: 4 (kleuters gaan na hulle bediening); Woordverkondiging;

**Ons antwoord op die Woordbediening**
Gebed; Sing Sb. 11 - 4: 1, 2, 3; Seën; Amenlied Sb. 13-3.

**17:00 AANDEREDIENS:**
**Ds. Pieter van der Walt**

**Tema:** Jesus, Verlosser en Saligmaker

Die preek trek twee duidelike lyne: Die lyn van bo na onder (Jesus wat deur God gestuur is as ons Verlosser en Saligmaker) en van onder na bo (ons wat deur ‘n ware geloof in Hom ingeplant is).

**Lofsang ter voorbereiding van die erediens**
Sing Ps 92-1:1, 3, 6 (Tweede melodie)

**God en ons ontmoet mekaar**
Intreelied: Sb 4 - 4:1, 3; Votum; Seën;
Loflied: Sing Sb 5 - 3:1, 2

**Ons verootmoedig ons voor God**
Gebed

**God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof**
Sb 12 - 2:1, 5;
Skriflesing: Hand 4:1-22;
Teksvers: Hand 4:12 en Heid.
Kategismus, Sondag 11; Woordbediening

**Ons antwoord op die Woordbediening**
Gebed; Liefdegawes by die deure; Sing
Ps. 89 - 1:1, 2, 3; Wegstuurseën;
Amenlied: Sb 13-2.

## MEELEWING

- Marian de Kock is uit die hospitaal ontslaan na behandeling vir longontsteking.
- Jan en Marthie Schutte se kleinseun, Ricus, is ernstig siek in die hospitaal.
- Pieter en Susamarie de Villiers se dogter, Blanch, moet op 19 Junie ‘n breinoperasie ondergaan om ‘n sist tussen die breinlobbe te verwyder.
- Lien Malan is in die hospitaal opgeneem vir behandeling weens chemiese wanbalans in haar bloed en sterk tuis aan.
- Andries du Plessis het die afgelope week sy vierde chemoterapie ontvang. Die gat in sy wang is vir hom baie sleg en hy praat moeilik.

**Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.**

## ONS VERWELKOM

- Ria Eybers (Ryan Bezuidenhout se ma), wat in die Gereformeerde Kerk opgeneem word. Sy woon in Segootsanestraat 4, Tuscany Ridge, groep 2.
- Marie Thomas vanaf GK Ventersdorp. Sy woon in Huis Anna Viljoen Suidgang, K 32, groep 1.
- Zard Aucamp met attestaat vanaf GK Cachet (Grimbeeckstraat 77) en sy verloofde Helena Kotzé, wat opgeneem word in die GKSA (Van Rooystraat 48) Groep 35.

## ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Estette Bredenkamp, Annette Coetsee, Kitty Kruger, Annatjie Duvenage, Bettie Niemand, Annetjie Vermeulen, Mariana du Plessis, Rita Schutte en Hannatjie du Plessis.

## BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

**Vandag**
Gebedsweek - vandag tot 13 Junie

09:00 Gebedsgroep
09:30 Oggenderediens
Kleuterbediening
Katkisasie: Les 12
Tee en koffie
17:00 Aanddiens
18:00 Ouderlingvergadering

**Maandag**
17:00 Diakonie: DB
18:00 - 18:30 Gebedsweek-byeenkoms 1 in die kerkgebou

**Dinsdag**
06:00 Manne-ondersteuningsgroep
17:00 Eiendommediensgroep
18:00 - 18:30 Gebedsweek-byeenkoms 2 in die kerkgebou

**Woensdag**
10:00 Amandelbloeisels
18:00 - 18:30 Gebedsweek-byeenkoms 3 in die kerkgebou

**Donderdag**
18:00 - 18:30 Gebedsweek-byeenkoms 4 in die kerkgebou

**Gebedsweek:**

**Tema: *Here, leer ons bid ! (Lukas 11:1)***

***Aan die hand van die Onse Vader gebed (Heidelbergse Kategismus Sondag 45-52)***

***Die aanbiedinge vind in die kerkgebou plaas vanwaar dit ook elektronies oor die internet gestroom word.***

| Dag, datum, tyd | Spreker en tema |
|---|---|
| Maandag, 5 Junie 18:00 | Prof. Naas Ferreira Sondag 45 & 46 Noodsaak van gebed |
| Dinsdag, 6 Junie 18:00 | Ds. Piet Venter Sondag 47 Die eerste bede |
| Woensdag, 7 Junie 18:00 | Barend vd Westhuizen Sondag 48 Die tweede bede |
| Donderdag, 8 Junie 18:00 | Prof. Nico Vorster Sondag 49 Die derde bede |
| Sondag, 11 Junie 17:00 | Prof. Naas Ferreira Sondag 50 Die vierde bede |
| Maandag, 12 Junie 18:00 | Barend vd Westhuizen Sondag 51 Die vyfde bede |
| Dinsdag, 13 Junie 18:00 | Ds. Piet Venter Sondag 52 Die sesde bede en afsluiting |

## AFKONDIGINGS

- Liefdegawes vandag: Diakonie (Groot boks) en Emeritusfonds (Klein boks) Zapper-betaalmetode beskikbaar.
- Gawes volgende Sondag by die deure vir ons eie Diakonie.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurte: Groep 26 en 27.

## VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

**Sondag, 4 Junie**
Sr Nelie Jordaan
Mev Susan Grobler, weduwee van ons oud-leraar, ds Herman Grobler, verjaar ook vandag en ons wens haar ‘n mooi lewensjaar toe.

**Maandag, 5 Junie**
Jbr Christiaan Oelofse
Jbr Bernard v Zyl

**Dinsdag, 6 Junie**
Br Leonard Haasbroek
Sr Anneke Steenkamp
Sr Elizbé vd Linde

**Woensdag, 7 Junie**
Br Jaap vd Walt *
Jsr Laurin v Zyl

**Vrydag, 9 Junie**
Br Hanrè Delport
Br Ruan Kotze

**Saterdag, 10 Junie**
Jbr Johan Storm

***** Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

## AMANDELBLOEISELS – 7 JUNIE 2023

Almal word hartlik uitgenooi na ons laaste Amandelbloeisels-vergadering, voordat ons vir die winter gaan hiberneer! Wat ’n

interessante program het ons nie vir Woensdag beplan nie!

Dr Elzabé Peters, ’n kliniese sielkundige, kom met ons gesels oor hanteringsmeganismes vir wanneer ’n mens agterkom dat jy gou angstig raak oor enigiets, of begin wonder of jy nie dalk begin depressief raak nie. Is dit deel van die ouderdom wat ek maar moet aanvaar, of is daar lig in die tonnel, en kan ek leer hoe om dit te verwerk en te hanteer? Kom luister en bring al jou vrae saam – jy sal dalk verras wees om te hoor dat baie van ons dalk ook soms nes jy voel!

Bring ook jou Bybel saam (en probeer vooraf die Johannes-evangelie lees) – verwag ’n heerlike verrassing hieroor.

Nà al die luister en dink, gaan ons heerlik smul aan broodjies en sop. Kom en geniet die oggend saam met ons. Indien iemand lus het om ons te verras met sy eie spesiale houertjie sop of broodjies, sal dit baie welkom wees – maar dit is opsioneel en beslis nie verpligtend nie! Ons sien uit na ’n genoeglike oggend saam met al julle bekende vriende en geloofsgenote!

## HULP AAN SENIOR LIDMATE

Daar was ‘n versoek onder senior lidmate, veral enkellopendes, met betrekking tot hulp wat senior lidmate van tyd tot tyd mag nodig kry. Seniors kan nie altyd op stoele klim om ‘n gloeilamp te ruil of êrens heen ry om raad/advies te kry vir ‘n huishoudelike probleem nie. Die idee is om name beskikbaar te stel wat kan bystand verleen aan seniors indien dit benodig word.

Die volgende word as voorbeelde gebruik as iemand hom-/haarself kan beskikbaar stel:

- Klein algemene herstelwerke
- Raad met SARS
- Raad met beleggings en ander finansiële sake
- Kontak by SAPD
- Enige ander tipe bystand (meld asb)

Die kontakbesonderhede kan deurgegee word aan die kerkkantoor of aan Estie van der Westhuizen (diaken) by 073 144 9069.

## OOSDOPPERFEES: VLEISSKENKINGS

Ons hoop almal weet nou al dat ons Oosdopperfees vanjaar op 5 Augustus gaan plaasvind. Ons gaan op hierdie dag nie net lekker saam kuier nie, maar ook in die week voorafgaande weer lekker saam werk aan die vleis. Die Vleiskommitee is besig met hul beplanning rondom die verwerking van beeste en varke met die oog op die gewilde Oosdopperwors en maalvleis.
Ons doen ‘n beroep op lidmate om ons te help met die moontlike skenk van beeste of kontant om beeste en varke aan te koop.
Kontak gerus vir Marian of Michiel de Kock (sel 082 950 4358/ 082 857 8619) indien jy hiermee kan help.

## HUIS HEBRON-UITREIK: SATERDAG -17 JUNIE OM 10:00

Ons nooi almal wat graag wil betrokke raak by ons uitreik om saam te gaan na Huis Hebron. Skryf jou naam op die lys in die portaal as jy deel wil wees van hierdie projek.

## GKSA-NUUS

### Beroepe ontvang

- Ds JG (Jan) Ehlers van GK Meyerton na GK Empangeni.
- Ds JG (Jacques) Tredoux van GK Pretoria-Brooklyn na GK Wapadrant as medeleraar.

### Beroepbaarstelling

Ons is saam met Barend en Carike van der Westhuizen baie dankbaar teenoor die Here dat hy die afgelope week deur Klassis Potchefstroom ge-eksamineer is en in die GKSA beroepbaar gestel is. Ons bid (tot ons verlies) dat hy spoedig ‘n beroep sal ontvang.

## KENNISGEWINGBORD

Tuinwoonstel te huur: Kontak Pieter de Villiers 082 366 0446



# SUSTERS

ROM. 1:16 “EK SKAAM MY NIE OOR DIE EVANGELIE NIE, WANT DIT IS ‘N KRAG VAN GOD TOT REDDING VAN ELKEEN WAT GLO.”

## SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus die “Zapper App” aflaai en dan hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

## TEESKINK-GELEENTHEID



Koffie, tee en koeldrank vandag in die Skuur na die oggenddiens.
Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:
Roma Visser en groep 6, Hannelie Pieters en groep 14, Marike Grobler en groep 24, asook Elsie Buijs en groep 32.

## SUSTERSBYDRAE en BLIKKIES-WARMHARTE



- Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in ‘n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan.



- Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.


Dankie vir die susters wat op gereelde basis ‘n bydrae vir hierdie werk gee.

## NAGMAAL-ETE: SONDAG 11 JUNIE

**NAGMAAL-ETE**

Hestie en die susters van blok A nooi die hele gemeente na ‘n heerlike nagmaal-ete, Sondag 11 Junie.
Syskaart: Potjiekos met rys, uitpakslaai, broodjies en nagereg @ R45 /persoon.
Bespreek jou plek voor Woensdag, 7 Junie by die kerkkantoor / skryf jou naam op die lys in die voorportaal van die Skuur.





# Oosdoppertjie-Jeugbediening

### 1. Erediens Kinderblad

Ons kinders se deelname aan die erediens is belangrik. Ons dink aan die Here Jesus se uitnodiging: Laat die kindertjies na My toe kom! Die erediens is ‘n ontmoeting tussen God en sy volk en ons kinders is net soveel deel van hierdie ontmoeting as ons volwassenes.

Om egter vir ons kinders hierdie ontmoeting so sinvol as moontlik op hulle vlak van verstaan te maak, gee ons tydens die skoolkwartaal ‘n Kinderblad uit. Dit is voor die erediens in die voorportaal beskikbaar. Daar is ook inkleurpotlode en knipborde beskikbaar. Hierdie kinderblad bied aktiwiteite wat die kinders tydens elke element van die erediens kan voltooi. Ouers kan die kinders begelei oor hoe om dit te voltooi. Die hoop is dat die blaadjie ons kinders sal laat groei in hul geloof en verhouding met ons Here.

### 2. Bediening vir voorskoolse jeug tydens eredienste

Gedurende die skoolkwartaal bied ons vir die voorskoolse jeug ŉ georganiseerde program aan, terwyl Woordverkondiging plaasvind. Die kleuterbediening vind plaas deur ŉ lessie wat op die kleuters se vlak aangebied word, asook speletjies, samesang en gebed. Kleuters van 3jr tot Gr R is welkom om by ons aan te sluit. Enigiemand wat die behoefte het om betrokke te raak by kleuterbediening is welkom om Marlise te kontak.

Kontakpersoon: Marlise Styger (marlise.venter@gmail.com of 083 655 8145)

## ALGEMENE INLIGTING

### LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

### KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Barend vd Westhuizen - 079 337 8148
Kerkkantoor: Adele – 018 290 7690 / 082 532 8658 / kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

### BANKBESONDERHEDE

| **Geref. Kerk Potchefstroom-Oos** | **Diakonie** | **Susters** |
|---|---|---|
| ABSA Bank | ABSA Bank | Capitec Bank |
| Tjekrek: 670 340 066 | Tjekrek: 670 280 160 | Spaarrek: 145 652 5695 |
| Takkode: 632-005 | Takkode: 632-005 | Takkode: 470-010 |